



GEHEKELDE STROKE

BENODIGDHEDE: Coats Nr. 10; hekelpen van 1,50 mm; 150 x 150 cm linne om tafelkleed van te maak. Die hoeveelheid hekelgaring wat benodig word, hang af van aantal vierkantjies wat gehekel word; ongeveer 4 bolle behoort voldoende te wees vir hierdie grootte.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; hlb - halflangbeen; dsl - dubbelslagsteek; st(e) - steek (steke); herh - herhaal; sp(s) - spatie (spasies); vlg - volgende; gs - glipsteek; b - bobbel (= 6 dubbelslagsteke in dieselfde steek, trek per uit lus, steek deur bopunt van eerste steek, tel gevalde lus weer op en trek deur, trek stewig vas).

Let Wel: 3 ks vervang 1e lb aan begin van 'n rondte; 4 ks vervang 'n dsl.

ROSET: Begin met 8 ks, gs in 1e ks om ring te vorm.

1e rondte: 16 lb in ring, sluit met gs.

2e rondte: *1 b in 1e st, 6 ks, slaan 1 st oor; herh van * rondom, eindig met gs in 1e dsl — 8 sps.

3e rondte: (4 lb, 1 ks, 4 lb) in elke 6-ks-sp.

4e rondte: gs tot in eerste 1-ks-sp; *1 kb in 1-ks-sp, 5 ks, 1 kb in vlg 1-ks-sp, 11 ks; herh van * nog 3 keer — 4 groot en 4 klein sps.

5e rondte: 1 lb in 1e st. Hekel rondom met: 1 ks, slaan 1 st oor, 1 lb in vlg st; vir elke hoek, d.w.s., die middel van elke 11-ks-sp, hekel: (1 lb, 3 ks, 1 lb) in middelste st; daar moet 9 sps tussen elke 2 hoeke wees. Knip garing af en werk af.

Hekel 41 sulke rosette op dieselfde manier en werk dit met naald aan en garing by twee sykante aan mekaar vas om 3 stroke te vorm — een van 21 rosette en 2 van 10 rosette elk.

OMRANDING: Hekel rosette vir omranding op dieselfde manier tot begin van 3e rondte; Hekel elke roset in 3e rondte aan voorafgaande roset vas. Vir hierdie tafelkleed benodig jy 28 rosette vir een sykant.

Hekel rosette vir volgende sykant, en vorm hoeke soos op foto.

Wanneer eerste strook rosette al om vier kante gehekel is, moet loshangende enkelmotiewe vanaf hoek aangehekel word. Raadpleeg foto vir plasing.

Die filettrand wat aan die linne pas, word só gehekel:

1e ry: 10 kb aan syrand van eerste roset, *10 ks, 10 kb oor vlg roset*, herh van * tot * tot einde van rondte; by hoek, tussen 2 rosette, hekel 7 ks.

2e ry: *1 lb (vervang eerste lb deur 3 ks), 2 ks, slaan 2 ste oor*, herh van * tot * tot einde van ry, en in hoeke hekel 2 ks, 1 kb in 4e van 7 ks, 2 ks.

3e ry: *1 lb op lb, 2 ks*, herh van * tot * tot einde van ry en laat ks tussen lb van hoeke weg.

AFWERKING: Soom tafeldoek netjies om en werk gehekelde strook om rand vas. Ryg stroke rosette op tafelkleed vas, raadpleeg foto, en werk netjies vas.

